

**Saterdag 11 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 16**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:7, 13 (1933/53-vertaling)**

**Die Here kies en die Here rus toe**

**V**antevore al het God gesê dat Hy vir Hom 'n man na sy hart gesoek het in die plek van Saul (1 Sam. 13:14). Dan stuur die Here vir Samuel om een van die seuns van Isai van Betlehem as koning te gaan salf.

By die offermaaltyd waarheen Isai en sy seuns genooi is, sê die Here vir Samuel dat Hy nie na die dieselfde dinge as die mens kyk nie. Die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan. Nie een van die sewe seuns van Isai wat by die maaltyd was, is deur die Here gekies nie.

Die jongste seun, Dawid, moes van agter die skape gehaal word. God het hom gekies. Ná die salwing het God die Heilige Gees hom toegerus met die gawes wat hy as koning nodig gehad het. Vir Israel het God se voorsiening van 'n koning beteken dat hulle 'n toekoms gehad het.

Die Here het vir Hom 'n man na sy hart gesoek. Die Here sien die hart aan. Dit is ook daar, in jou hart, waar die Here jou verander. Vir hulle wat God verlos het deur die Seun van Dawid, gee God nuwe harte. Hy verwyder die harte van klip en Hy gee aan hulle harte van vlees. Hy maak hulle geestelik lewend. Hy verander hulle van binne af, sodat hulle glo in dié Koning, Jesus Christus, uit Dawid se nageslag.

God die Heilige Gees rus hulle toe om Hom wat hulle gekies en geroep het, te gehoorsaam. Hulle diens aan die Here is nie net uiterlike vorm nie, maar dit het ook inhoud. Hulle doen dit van harte vir Hom wat hulle harte ken. En hulle het 'n toekoms, 'n heerlike toekoms.

*Sing: Psalm 33-1:6, 10, 11*

*Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)*